# BEPLANDE INTERVENSIES - ONBEPLANDE UITKOMSTE OORLEWING VAN DIE ISLAM IN DIE VRYSTAAT

**P. Erasmus***

**Summary**

*For nearly a century legislation kept Indians and other Asians out of the then Orange Free State. In addition to economic, political and social considerations, the local authorities wished to prevent the establishment and propagation of the Islamic faith in a Christian state. Research proves that although the number of Indians could be kept down the Islamic faith survived and its following increased rapidly after the removal of restrictions.*

*It is believed that the main reason for this survival is the reaction unleashed by segregation and apartheid legislation. In this way an opposite result to the intention of the legislation was achieved. With reference to Foucault one can say that the planned intervention by the authorities produced an unplanned outcome. This view of Foucault represents the line of argumentation in this article.*

*This report contains a broad historical review of the settlement of Indians in South Africa, and a description of specific events and circumstances in the Orange Free State as well as of certain actions taken by Moslems aimed at maintaining their faith.*

*From the research results it is concluded that the survival of Islamism in the Orange Free State demonstrates an empiric example of cultural uniformity. The basis for explanation as formulated by Foucault, makes relevant analyses possible and can therefore be used for cultural studies.*

## 1. INLEIDING

Wetgewing het vir bykans 'n eeu Indiërs en ander Asiate in die destydse Orange-Vrystaat[1] verbied. Een van die redes hiervoor was dat die owerheid van die Oranje-Vrystaat die vestiging en verspreiding van die Islam in 'n Christelike staat wou verhoed. Ten spyte van voorgenoemde optrede wat daarin geslaag het om Indiërgetalle tot die minimum te beperk, bevestig navorsing dat die Islam oorleef het en dat die aanhang, na die opheffing van die beperkende maatreëls, met rasse skrede toegeneem het.

* Departement Antropologie, Universiteit van die Vrystaat.

1 Benaminge word gebruik soos dit van toepassing was gedurende bepaalde tydperke.

Antropologies kan die oorlewing van Islam (m.a.w. godsdiens as 'n element van kultuur) in die Vrystaat vanuit verskillende gesigspunte verklaar word. Kritiek teen kulturele ekologie handhaaf byvoorbeeld die standpunt dat elke kultuur oor sy eie, inherente en logiese beginsels van organisasie beskik en daarom nie gereduseer kan word tot die blote resultaat van die verhouding tussen die mens en sy (sosio-kulturele) omgewing nie. Gebeure in hierdie verband sou ook verklaar kon word in terme van die Moslems se psigologiese, emosionele en kognitiewe reaksies teen die blootstelling aan 'n vreemde, onbekende en onvriendelike kulturele omgewing, naamlik die destydse Oranje-Vrystaat. Argumente kan ewe-eens aangebied word in terme van die uitgangspunte van kulturele weerstand of "revitalization".

Afgesien van die voor-die-hand-liggende toeskrywing aan Allah se wil, is informante ook oortuig dat die Islam oorleef het as gevolg van die reaksie wat segregasie- en apartheidswetgewing by hulle ontketen het. Die feit, met ander woorde, is dat die bedoeling met dié wetgewing die teenoorgestelde resultaat tot gevolg gehad het. Anders gestel, in aansluiting by Foucault, is dat die beplande intervensies vanaf owerheidsweë 'n onbeplande uitkoms voortgebring het.

Vir Foucault (soos aangehaal deur Leroke 1996:231, 237 en 239-40) verteenwoordig diskoers 'n praktyk van magsverhoudings wat nie net gaan oor onderdrukking en oorheersing nie, maar ook 'n proses van in staat stelling bevat. Met sy empiriese studies oor diskoerse/praktyke in gevangenisse (1977) en oor seksualiteit (1978) het hy, volgens Agger (1991:116-7) en Ferguson (1990:18 e.v.), nie net 'n direkte bydrae tot sosiale kennis gelewer nie, maar insgelyks beklemtoon dat kennis nagespeur moet word ingevolge die verskillende diskoerse/praktyke wat nie net die raamwerk daarvan formuleer en struktureer nie, maar ook 'n diepgaande en werklike uitwerking op die aard daarvan het.

Deur die konsep "mag" te gebruik, het Foucault aangetoon dat die uitkoms van beplande sosiale tussenkoms/ingryping dikwels magtige konstellasies van beheer tot gevolg het wat nooit die bedoeling was nie (en in sommige gevalle selfs nie eers herkenbaar is nie), maar wat besonder effektief is om onderwerping te bewerkstellig. In sy geoemde studie oor gevangenisse, het Foucault aangetoon dat gevangenisse wat geskep word as "korrektiewe" instellings met die bedoeling om by gevangenes die eienskappe van goeie burgerskap in te prent (anders gestel, om van kriminele eerlike, hardwerkende, wetsgehoorsame burgers te maak wat na 'n "normale" plek in die samelewing kan terugkeer), nie gevangenes noodwendig hervorm nie. Inteendeel, dit maak die terugkeer na "normaliteit" (wat dit eintlik veronderstel is om te doen) feitlik onmoontlik. In plaas van die uitwissing van kriminaliteit, kom dit voor of gevangenisse dit eerder veroorsaak en intensifiseer. Hoewel so 'n resultaat as 'n mislukking vanuit die gesigspunt van die beplanners

geëvalueer kan word, het dié gevolg 'n totaal ander karakter en waarde wanneer dit as deel van die gevangene se strategie beskou word. Die samestelling van 'n klas misdadigers in die gevangenis kan as uiters bruikbaar beskou word in die "mak maak van populêre onregmatighede" en die transformering van onregmatigheid. Deur tussen onregmatighede te differensieer en 'n unieke klas van oortreders (waaroor goeie toesig en beheer is) te onderskei, dien die gevangenis 'n deel van die stelsel van sosiale kontrole, maar op 'n wyse anders as wat die beplanners aanvanklik bedoel het. Hiervan sê Foucault dat die oënskynlike "mislukking" van die gevangenis in der waarheid nie die doel mis nie - dit word bereik in soverre dit vir die gevangenis moontlik is om hierdie spesifieke vorm van onwettigheid te isoleer. Teenoor die waarneming dat die gevangenis misluk in die uitskakeling van misdaad, kan hipoteties dus gestel word dat die gevangenis uitermate suksesvol daarin is om onwettigheid van 'n spesifieke soort (polities en ekonomies minder gevaarlik) in 'n marginale, dog sentrale milieu waaroor toesig gehou kan word, te produseer.

Voorgaande uiteensetting van Foucault se standpunt, verteenwoordig die argumentslyn wat in hierdie bydrae uitgestip word. Vir dié doel is navorsing uit gepubliseerde en ongepubliseerde dokumente (laasgenoemde van die Vrystaatse Argief), onderneem, terwyl onderhoude gedurende die tydperk Mei-Junie 2000 met 'n aantal respondente gevoer is. Van die data wat aangebied word, neem die vorm van lewensgeskiedenisse aan.

Wat die struktuur van die verslag betref, word eerstens 'n breë historiese oorsig van die vestiging van Indiërs in Suid-Afrika aangebied. Teen hierdie agtergrond word daar in die tweede plek gekyk na spesifieke gebeure en omstandighede in die Oranje-Vrystaat, terwyl laastens gefokus word op bepaalde handelinge en aksies van Moslems wat daarop gemik was om die Islam in stand te hou.

## 2. BREË HISTORIESE ORIËNTERING

Gedurende 1860 is Indiërs vir die eerste keer na Suidelike Afrika gebring, en wel om as arbeiders diens te doen op die suiker- en katoenplase in die voormalige Natal. Hoewel daar op daardie tydstip 'n groot bron van plaaslike, ongeskoolde arbeiders, naamlik Zoeloes, in Natal beskikbaar was, was hulle om bepaalde kulturele redes nie geïnteresseerd om in die plantasies en op die landerye te werk nie (Bredenkamp 1971:9-10 en Calpin 1949:2). Die nuutgevestigde suikerbedryf het behoefte gehad aan halfgeskoolde arbeiders en aangesien Indiërs hulle vroeër op die suikerplantasies van Mauritius as geskik vir die doel bewys het (Badat 1985:28), en ook omdat sowel Natal as Indië destyds Britse kolonies was, het die Durban Sugar Corporation besluit om werkers uit Indië in te voer.

Die eerste groep van 341 immigrante het op 16 November 1860 in Durban aan boord van die Truro aangekom en 'n tweede groep van 318 op 26 November 1860 (SABRA 1975:7). Hierdie immigrante was hoofsaaklik van die suidelike state Madras, Andhra Pradesh en Orissa afkomstig (Bhana & Brain 1990:22 en Bredenkamp 1971:10). Onder hierdie arbeiders was daar ook 'n aantal "special servants" wat as kokke, kelners, stalknegte, wassers, ens. kom werk het. Daar word geraam dat die godsdiensverspreiding onder hierdie eerste aankomelinge soos volg daar uitgesien het: 8% Moslems, 25% Christene, terwyl die res Hindoes was (Bhana & Brain 1990:28).

Kort op die hakke van die kontrakwerkers het 'n groep sogenaamde "passenger Indians" (omdat hulle hul eie oortog betaal het), hoofsaaklik uit die Bombaai-gebied, gevolg (Bhana & Brain 1990:40 en Bredenkamp 1971:14). Onder hulle was daar hooggekwalifiseerde rekenmeesters, onderwysers, boekhouers, ens. wat spoedig suksesvolle handelaars geword het. Hierdie groep het ingevolge die immigrasiewetgewing op eie koste na Natal verhuis en het, omdat hulle Britse onderdane was, dieselfde burgerregte as die blankes daar geniet (Pienaar 1980:136).

Na die verstryking van hulle kontrakte kon die Indiërs een van drie keuses uitoefen: (i) hulle kon op regeringsonkoste na Indië terugkeer, (ii) hulle kon vir 'n verdere tydperk ingeskryf word, of (iii) hulle kon aansoek doen vir kroongrond ter waarde van die passaatkoste na Indië.[2] As gevolg van dié toedrag van sake, kon drie kategorieë Indiërs in Natal onderskei word: (i) die onder kontrak, (ii) die vry Indiërs, d.w.s. diegene wie se arbeidskontrak verstryk het, maar verkies het om in Natal aan te bly, en (iii) die vry-passaat Indiërs.

Die eerste groep kontrakwerkers wat hulle kontrakte voltooi het, het in die begin van 1871 na Indië teruggekeer. By hulle aankoms in Madras is klagtes oor swak behandeling en werksomstandighede in Natal by die owerhede ingedien, as gevolg waarvan verdere immigrasie tydelik stopgesit is (Bredenkamp 1971:13 en Calpin 1949:6). In 1872 het luitenant-goewerneur Musgrave, op aandrang van Brittanje en Indië, 'n kommissie van ondersoek, bekend as die "Coolie Commission" onder die voorsitterskap van MH Gallwey, die prokureur-generaal van Natal, aangestel om die klagtes te ondersoek (Bhana & Brain 1990:30). Na die nodige hervorming (wat onder meer ingesluit het dat daar vir elke 100 mans ook 40

2 Omdat die meerderheid Indiërs in Indië in daardie stadium by die landbou betrokke was, was die keuse ten gunste van grond 'n populêre een. Bhana & Brain (1990:48) verstrek die volgende statistiek (soos van toepassing op 1902) in dié verband: 2 000 akkers is aan Indiërs in die omgewing van Stanger, Welverdient en Doornkop verkoop; daar was 600 boere in die Umhlalidistrik en 1 400 akkers is deur Indiërs in die omgewing van Tongaat en Verulam besit.

vroue toegelaat is, vir die lewering van mediese dienste voorsien is en dat 'n "Protector of Indian Immigrants" aangestel is) en as gevolg van die vertoë van blanke boere en die suikermaatskappye, is weer met werwing in 1874 begin. Dié keer is werkers hoofsaaklik in die noorde van Indië gewerf, met die gevolg dat 'n nuwe kategorie Indiërs, hoofsaaklik Gujerati Moslems, aangekom het.

Die Indiërgetalle het toegeneem van 6 787 (in 1876) tot 27 206 (in 1884) tot 35 763 (in 1891) en met uniewording in 1910 het reeds sowat 144 511 Indiërarbeiders na Suid-Afrika verhuis, wat meegebring het dat hulle in Natal die blanke bevolking met omtrent 14% oorskry het (Bredenkamp 1971:11 en Calpin 1949:10 en 33). Na uniewording het die Suid-Afrikaanse regering deur middel van die **Immigrants Regulation Act** (Wet nr. 22 van 1913) 'n beperking op die georganiseerde migrasie van Indiërs geplaas. Plaaslike Indiërs was nie tevrede met die bepalings van hierdie wetgewing nie en dit, asook die algemene omstandighede en wetlike beperkinge waaronder hulle gebly het, het aanleiding tot siviele opstand en onrus gegee (Calpin 1949:33-4). Mahatma Gandhi, wat op daardie tydstip die leier van die Suid-Afrikaanse Indiërs was (Johnson 1973:5 e.v. en Badat 1985:31-2), het protesoptogte en stakings georganiseer wat aanleiding gegee het tot algemene ontwrigting op die steenkoolmyne en suikerplantasies. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n kommissie van ondersoek (onder regter Solomon) na die oorsake van die probleme aangestel. Dié kommissie het die onmiddellike vrylating van Gandhi versoek en het die volgende as die vernaamste redes vir die probleme geïdentifiseer: die beperking op poligame huwelike in Suid-Afrika; belasting van drie pond, diskriminerende wette wat teenoor Indiërs toegepas is, asook die beperking wat gegeld het wat betref hulle toelating tot die Oranje-Vrystaat (Johnson 1973:8 en Badat 1985:31-2).

Volgens Johnson (1973:14) was die aanvanklike verhouding tussen blankes en Indiërs in Suid-Afrika oor die algemeen goed, maar die volgende faktore het aanleiding gegee tot die verswakking van die verhouding: ekonomiese faktore ('n laer lewenstandaard het Indiërs in staat gestel om teen 'n laer loon te werk, of met 'n laer winsgrens hul besigheid te bedryf as onderskeidelik die blanke arbeider en handelaar) en sosio-kulturele faktore (onbekendheid met en 'n gevolglike afkeer van gewoontes en gebruike van die Indiërs). Laasgenoemde was waarskynlik net so belangrik as die ekonomiese oorwegings, want die Suid-Afrikaanse samelewing was tot 'n groot mate gebaseer op die gedagte van blanke heerskappy en Indiërs is nie gesien as aanvaarbaar vir assimilasie nie. Ook is gevrees dat indien aan die Indiërs gelykheid toegestaan sou word, dit as aansporing vir swartes kon dien om soortgelyke regte op te eis. Die wetlike beslag wat gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu aan sosiale, ekonomiese en politieke segregasie begin gee is, het meegebring dat die Nasionale Party en dr. DF Malan as Minister van Buitelandse

Sake sterk voorrang aan repatriasie verleen het. Die **Round Table Conference** wat in 1926 tussen Suid-Afrika en Indië plaasgevind het, het byvoorbeeld die kwessie van repatriasie behandel. Hierdie konferensie het uitgeloop op die **Cape Town Agreement** van 1927 en is vervat in die **Immigration and Indian Relief Act** (Wet nr. 37 van 1927) van dieselfde jaar. Repatriasie was egter nie suksesvol nie (Badat 1985:36 en SABRA 1975:8) en het, volgens Johnson (1973:24), daartoe aanleiding gegee dat Suid-Afrika begin het met toenemende interne regulering, waaronder wetgewing, om die vryheid van Indiërs aan bande te lê.

Die filosofie, soos hierbo aangetoon, om Indiërs se bewegingsvryheid deur middel van wetlike beperkinge te beheer, het veral in die destydse Oranje-Vrystaat heel unieke afmetings aangeneem. Hierdie aangeleentheid word vervolgens toegelig.

## 3. INDIËRS IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Die grondwet van 1854 van die destydse Republiek van die Oranje-Vrystaat, soos gewysig in 1866, het bepaal dat geen nie-blanke aanspraak kon maak op burgerskap en stemreg in die Oranje-Vrystaat nie (Pienaar 1980:137-8). Wetgewing wat spesifiek op Indiërs van toepassing was, is ook spoedig gepromulgeer. Badat (1985:49) noem in hierdie verband die volgende voorbeelde:

- Artikel 22 van Ordonnansie 18 van 1884 het die betaling van "kopbelasting", wat vir swartes gegeld het, ook op Indiërs van toepassing gemaak.
- Ordonnansie 1 van 1885 het bepaal dat Indiërs nie die reg het om eiendom in die Oranje-Vrystaat te koop of te huur nie;[3] terwyl
- Ordonnansie 29 van 1890 dit duidelik gemaak het dat Indiërs nie in die Oranje-Vrystaat nodig en welkom was nie. Hulle mag hulle byvoorbeeld nie permanent daar gevestig het nie, nie vir langer as twee maande met toestemming daar gewoon het nie, diegene wat reeds daar was, mag geen poging aangewend het om vaste eiendom en grond te bekom, of om handel te dryf en te boer nie. Hulle is wel, volgens Arkin (1981:49), toegelaat om as huisbediendes te werk.

Gedurende 1890 het die Oranje-Vrystaatse owerheid met die aanvaarding van die **Wet tot tegengaan van de Instroming van Aziatische Kleurlingen** (Wet nr. 15 van 1890) die binnekoms van Indiërs gereguleer. Volgens 'n berig in **Die**

[3] Die munisipaliteit van Bloemfontein het byvoorbeeld nadat hulle agtergekom het dat Abdul Ebrahim 'n Indiër was (hy was met 'n kleurlingvrou getroud) wat 'n munisipale huis in Heidedal (die kleurlingwoonbuurt) gehuur het, hom en sy gesin uit die huurhuis gesit (**Die Volksblad**, 26 April 1982). Hy kon in die Oranje-Vrystaat woon solank hy net nie 'n huis gehuur of besit het nie!

**Volksblad** (30 April 1986) was veral die boereverenigings en handelskamers van Bloemfontein, Bethlehem, Harrismith, Ladybrand en Ficksburg sterk ten gunste van hierdie wetgewing. Voorgenoemde regulering het nie gespruit uit 'n situasie waar Indiërs die Oranje-Vrystaat oorstroom het nie, met ander woorde dit het nie gegaan oor 'n getalle-bedreiging vir die Vrystaters nie. Gedurende 1890 was daar byvoorbeeld maar slegs 9 Indiërs wat toestemming gehad het om grond en geboue van die regering in die Oranje-Vrystaat te huur, met die uitdruklike verstandhouding dat hulle nie oor permanente verblyfreg beskik het nie (Arkin 1981:49). Ook Bhana & Brain (1990:96) bevestig dat daar slegs enkele Indiërhandelaars gedurende die tagtigerjare van die neëntiende eeu in die Oranje-Vrystaat was. Die sukses waarmee hulle egter die sakewêreld betree het, word deur skrywers as 'n belangrike faktor uitgewys waarom die regering besluit het om die verbod teen hulle in te stel (vgl. Bredenkamp 1971:21 en Badat 1985:29).[4]

Ander beweegredes wat gegeld het vir die afkondiging van diskriminerende wetgewing, was van politieke en sosiale aard. Wat eersgenoemde betref, vestig navorsers die aandag daarop dat Indiërs in die Oranje-Vrystaat die owerheid met oortuigings van hul eie versetpolitiek gekonfronteer het. Volgens Bhana & Brain (1990:96) het 13 Gujaranti Moslems uit die Oranje-Vrystaat in 1885 teen Artikel 22 van Ordonnansie 18 van 1884 protes aangeteken. Die petisionarisse het dit veral teen hulle klassifikasie as "kleurlinge" gehad en teen die feit dat hulle nie oor stemreg beskik het nie, terwyl dit in ander state in Suidelike Afrika die geval was. Hulle het daarop gewys dat hulle die Oranje-Vrystaat met gunstige handelspryse bedien het (Bhana & Pachai 1984:31). Gedurende Mei 1887 dien Aboobaker Amod en drie ander Moslemhandelaars ook 'n beswaarskrif teen Ordonnansie 1 van 1885 by die Oranje-Vrystaatse Volksraad in (Bhana & Brain 1990:96). Die petisionarisse het in hierdie geval gewys op die bydrae wat hulle tot die welvaart van die Oranje-

4 Die volgende agtergrond oor die algemene ekonomiese situasie in die Oranje-Vrystaat, soos aangebied deur Keegan (1986:15-9), werp lig op hierdie besluit. Na die aanvanklike finansiële en kommersiële oplewing aan die begin van die tagtigerjare van die neëntiende eeu, het die ekonomie teen die helfte van die dekade in 'n depressie beweeg wat die diamanbedryf (die sleutelfaktor in die ekonomie) in 'n konsoliderende fase, met 'n afname in produksie, gedwing het. Die depressie het veral blanke boere swaar getref. Met die opbloei in die vraag na landbouprodukte, wat grootliks deur die markte op die diamantvelde gestimuleer is, het boere verbande op hul plase uitgeneem om te kon uitbrei en masjinerie aan te koop. Toe dié nie afgelos kon word nie, het boere hulle grond begin verloor.

Na voltooiing van die spoorlyn tussen die Kaap en Kimberley (in 1885) het die invloed van die depressie vererger. Enersyds is die blanke boere, wat grootliks vir die vervoer met wa en osse tussen die kus en die binneland (diamantvelde) verantwoordelik was, uit die bedryf gedwing. Andersyds het dit die markte op die diamantvelde minder afhanklik van Vrystaatse graan gemaak. Dit kon goedkoper ingevoer word, wat beteken het dat Vrystaatse boere 'n winsgewende graanmark verloor het. Die ekonomiese kwesbaarheid van die wit boeregemeenskap in die Oranje-Vrystaat is verder vergroot deur die toenemende akkumulering van welvaart in die landelike ekonomie deur swart kleinboere. Dit het die (wit) regering genoop om beheer oor landelike hulpbronne oor te neem deur dit te monopoliseer sodat 'n witbeheerde politieke ekonomie afgedwing kon word.

Vrystaat gelewer het en dat hulle, soos wat die naam "Vrystaat" veronderstel, op gelyke menseregte aanspraak máak (Bhana & Pachai 1984:32).

Wat die kwessie van sosiale beweegredes betref, is beswaar veral ingebring teen (wat genoem word) die Indiërs se kultuur, sedes en vreemde gebruike, asook spesifiek hulle godsdiens en die rusverstoring wat by moskees veroorsaak sou gewees het (**Die Volksblad**, 3 Desember 1981 en 7 April 1983).

Hoewel die Oranje-Vrystaat na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) 'n Britse gebied (bekend as die Oranjerivierkolonie) geword het, is die bepalings van Ordonnansie 29 van 1890 opgeneem in Artikel 1 van Hoofstuk XXXIII van die Wetboek van die Oranjerivierkolonie. Dit het meegebring dat daar nie eenvormigheid bestaan het in die wyse waarop Indiërs in die vier Britse kolonies in Suid-Afrika behandel is nie. Die ontevredenheid hieroor het veroorsaak dat Indiërs uit die ander drie kolonies gedurende November 1903 met 'n petisie aan die Britse Eerste Minister, Chamberlain, gereageer het (Bhana & Pachai 1984:63-5). Beswaar is aangeteken teen die diskriminerende wetgewing van die Oranjerivierkolonie teenoor Indiërs en die feit dat die Britse Owerheid niks daaraan gedoen het nie.[5]

Die bepalings van Hoofstuk XXXIII van die Wetboek van die Oranjerivierkolonie het met unifikasie in 1910 van krag gebly en is later in die Suid-Afrikaanse **Immigrants Regulation Act** (Wet nr. 22 van 1913) ten behoewe van die inwoners van die Oranje-Vrystaat opgeneem. Voorgenoemde wetgewing het die lewens van Indiërs in die Oranje-Vrystaat daadwerklik geraak. Hoewel die Indiërs nooit baie in getalle was nie (volgens bevolkingsensussyfers het die 106 Indiërs wat gedurende 1911 in die Oranje-Vrystaat woonagtig was, tot 'n skrale 5 in 1970 verminder), is daar vir rassewrywing tussen blankes en Indiërs gevrees (**Die Volksblad**, 24 September 1976). 'n Permit sou alleen vir Indiërs se direkte deurreis deur die Oranje-Vrystaat toegestaan word indien 'n absolute noodsaaklikheid bestaan het vir so 'n persoon se teenwoordigheid[6] en indien die voorkoming van rassewrywing verseker kon word (**Die Volksblad**, 24 September 1976). Voorsorgmaatreëls is getref om te

5 Bredenkamp (1971:21) noem in hierdie verband dat die Oranjerivierkolonie nie deur middel van 'n verdrag, soos die Londense Konvensie in die geval van die Zuid-Afrikaanse Republiek, aan Brittanje verbind was nie en derhalwe vry was van Britse imperiale inmenging in hul huishoudelike sake. Bykomend hiertoe, was die behoud en toepassing van Wet 29 van 1890 ook een van die besettingsvoorwaardes waaronder die Britse owerheid na die Anglo-Boereoorlog die beheer in die Oranjerivierkolonie oorgeneem het (**Die Volksblad**, 30 April 1986).

6 Aansoeke vir permitte om die Oranje-Vrystaat te mag besoek en/of deur te reis, is onder meer ontvang van 'n professor wat die Nasionale Museum in Bloemfontein met die oog op navorsing wou besoek; Boswell Brothers Circus (Pty.) Ltd. wat in die Oranje-Vrystaat wou optree; kelners; kokke; bouwerkers; ens. (vgl. PAW B226/16, lêer P.S. 9/3/1). Soos in die geval van Mahomed Majajee wat op 5 September 1891 aansoek gedoen het om as diensbode in Heilbron te werk, moes in baie van hierdie gevalle beëdigde verklarings afgelê word dat die aansoeker onderneem om nie handel te dryf, of by boerdery betrokke te raak nie.

verseker dat Indiërpassasiers tydens moontlike vertragings van vliegtuie op Bloemfontein se lughawe nie in plaaslike hotelle oornag nie (**Die Volksblad**, 18 Februarie 1971), terwyl die enkele Indiërkinders in die Oranje-Vrystaat ewe-eens nie aan plaaslike skole of die enigste universiteit mog studeer het nie (**Die Volksblad**, 16 Junie 1983).

Die wetlike beperkinge op Indiërs se verblyf in die Oranje-Vrystaat is gedurende 1986 deur die **Wysigingswetsontwerp op Aangeleenthede betreffende Toelating tot en Verblyf in die Republiek**, 1986 (Wet nr. 53 van 1986), soos gewysig deur die **Wet op Suid-Afrikaanse burgerskap**, 1995 (Wet nr. 88 van 1995) herroep. Volgens die 1996-sensussyfers was daar uit 'n totaal van 1 045 596 Indiërs in Suid-Afrika, 2 805 in die Vrystaat woonagtig, wat 0,1% van die totale bevolking van die Vrystaat verteenwoordig. Van die getal Indiërs woonagtig in die Vrystaat, is bykans die helfte (1 008) nie in Suid-Afrika gebore nie, terwyl 598 nie oor Suid-Afrikaanse burgerskap beskik het nie.

Antropologies word aanvaar dat die betekenis en waarde van godsdiens in vele opsigte geleë is in die aktiwiteite wat deur die beoefening vereis word (vgl. Haviland 2000:695). In die meegaande bespreking word onder meer aangetoon hoedat die gesamentlike, maar terselfdertyd geïsoleerde, beoefening van die Islam[7] 'n sosiale en psigologiese funksie van gerusstelling, veiligheid en 'n gevoel van persoonlike nabyheid geskep het, wat ongetwyfeld tot die oorlewing van die Islam bygedra het.

## 4. DIE OORLEWING VAN ISLAM

Omdat Indiërs in die Oranje-Vrystaat personae non grata was, bevat amptelike dokumente baie min inligting oor hulle. Sover vasgestel kon word, was die volgende Moslems gedurende die veertiger- en vyftigerjare van die twintigste eeu in Bloemfontein woonagtig:

- Abdu Rrahman, 'n Indiër wat in die kleurlingwoonbuurt, Heidedal, gewoon het waar 'n straat later na hom vernoem is. Met sy dood is hy deur 'n mede-Moslem (mnr. Jooma) in die Christelike begraafplaas, maar volgens Moslem-gebruike, begrawe. Spesiale toestemming hiervoor moes van die Stadsraad van Bloemfontein verkry word.

7 Dit is nie 'n oogmerk van dié studie om 'n beskrywing van Islam-gebruike en-beskouings te gee nie. Vir agtergrondkennis hieroor kan die werke van Bates & Rassam (1983) en Kidwai (1979) geraadpleeg word.

- Mnr. Jooma, wat van Arabiese oorsprong was, het volgens oorlewering 102 jaar oud geword. Hy het as vertaler (Arabies-Engels) vir die oliemaatskappy, Mobil, in hulle Vrystaatse streekshoofkantoor gewerk.
- Ene mnr. Kajee, 'n Indiese Moslem oor wie geen verdere besonderhede opgespoor kon word nie, omdat sy nageslag Bloemfontein verlaat het.
- 'n Kleurlingman met die naam Ismael wat met 'n Kaapse Maleise meisie getroud was. Behalwe vir die feit dat hy tot die Islam bekeer is, is geen verdere inligting oor hom bekend nie.
- 'n Swartman uit die woonbuurt vir swartes, Batho, wie se persoonlike besonderhede nie opgespoor kon word nie.
- 'n Siriër wat 'n winkel in die blanke gedeelte gehad het.[8]

Bogenoemde groepie Moslems het daarin geslaag om op verskillende wyses die Islam in stand te hou. Die belangrike handeling van *zakat* (die deel van aalmoese onder mekaar) is byvoorbeeld nougeset nagekom en, waar moontlik, is privaatbyeenkomste by huise gehou met die oog op *salat* (daaglikse gebede). Sodoende het die groepie gelowiges die vereistes van die kode van *halal* ter versterking van hul geloof onderhou. Daar is met die toepassing van hierdie gebruike volhard, ten spyte van streng apartheidswetgewing en klopjagte wat uitgevoer is. Daar moet onthou word dat wit en swart nie toegelaat is om na donker in mekaar se woonbuurtes te wees nie.

Met die oog op gemeentelike byeenkomste wat in 'n moskee moes plaasvind, soos die weeklikse gebede en eredienste (*khutba*), of tydens geskeduleerde vastye (*sawn* - byvoorbeeld tydens die maand van Ramadan), is daar na Kimberley gegaan. Laasgenoemde is in die destydse Kaapprovinsie geleë en die beperkinge wat in die Oranje-Vrystaat vir Indiërs gegeld het, was nie daar van toepassing nie, terwyl daar ook 'n moskee was waarin aanbid kon word.

Vir dr. Hassam Maphitha (President van die Muslem Church for Indians and Arabs) van Bergville (in die destydse Natal) was dit belangrik om kontak met lidmate te behou en daarom het hy by geleentheid (11 Mei 1959) aansoek gedoen vir 'n permit om die Oranje-Vrystaat te mag besoek (vgl. PAW B226/16, lêer P.S. 9/3/1). Geen antwoord op sy skrywe kon egter opgespoor word nie.

---

8 Die Kantoor van die Provinsiale Sekretaris van die Oranje-Vrystaat vestig op 29 Mei 1928 stadsklerke en sekretarisse van dorpsbesture se aandag daarop dat Siriërs, ofskoon hulle "nasionale tehuis" in "Asia" is, hulle die status van "'n blanke ras het". Sou daar egter 'n gemengde huwelik tussen 'n Siriër en 'n Arabier wees, moes die hof uitsluitsel oor so 'n persoon se status gee (vgl. PAW B226/16, lêer P.S. 9/31).

Die verspreiding van literatuur onder mekaar, maar ook aan nie-Moslems, is belangrik geag. Die swart Moslem waarna hierbo verwys is, was die produk van so 'n uitreik-aksie en hy was waarskynlik die eerste bekeerling tot die Islam in die Vrystaat. Uit literatuur wat hy ontvang het, het hy kennis gemaak met die Islam, kontak opgesoek en tot die Islam bekeer geraak.

'n Ander voorbeeld kom uit die Oos-Vrystaat waar mnr. Singh (wat in 1927 op Ladybrand gebore is) 'n winkel op Bethlehem bedryf het. Sy oupa en ouma was uit Indië afkomstig en sy oupa het op die spoorlyn van Natal na Harrismith gewerk. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy en sy vrou toestemming van pres. MT Steyn ontvang om hulle in die Oranje-Vrystaat te vestig. Tydens die apartheidsjare het mnr. Singh hom egter as 'n kleurling laat herklassifiseer, wat vir hom die voordeel ingehou het dat hy eiendom kon huur of besit, kon handel dryf en vrylik kon rond beweeg. Na die wetlike beperkinge op Indiërs se verblyf in die Oranje-Vrystaat gedurende 1986 opgehef is, het hy hom weer as 'n Indiër laat terugklassifiseer.

Islam het die afgelope dekade met rasse skrede in die Vrystaat uitgebrei. Twee faktore is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Eerstens, het 'n groep van 40 Indiërsakemanne hulle gedurende 1988 in Bloemfontein gevestig ooreenkomstig 'n spesiale ontwikkelingsprojek wat deur die Bloemfonteinse munisipaliteit van stapel gestuur is. Hiervan was 38 gesinne Moslems, terwyl twee gesinne Hindoes was. Van die oorspronklike groep was daar tydens die navorsingsperiode nog tien gesinne, wat almal Moslems is, oor. Hierdie groep het in 1995 (in 'n demokratiese Suid-Afrika - en dit is die tweede rede) toestemming verkry om die eerste moskee in die Vrystaat, naamlik in Heidedal, op te rig. Volgens die *imam* (gebedsleier) van die Moslems in die Vrystaat (mnr. Mangera), sien die lidmaatgetalle tans soos volg daar uit: Heidedal 200 lidmate, Bloemfontein-stad 500; Mangaung (woonbuurt vir swartes) 600 en Botshabelo (dorp vir swartes buite Bloemfontein) 1 000.

## 5. BESPREKING

Nie alle Moslems in die Vrystaat is/was noodwendig Indiërs nie, maar wel die oorgrote meerderheid daarvan. Dit was hoofsaaklik deur hulle toedoen dat die Islam vir meer as 'n eeu in die Vrystaat oorleef het. Die konteks waarbinne dit geskied het, was een van 'n oordrewe, vasgestelde ondergeskiktheid wat deur streng en absurde wetgewing en regulasies afgedwing is. Hierdie versteurde omstandighede, waarbinne 'n verskeurde kultuur moes funksioneer, het nie, soos wat dikwels die geval is, aanleiding gegee tot die ontstaan van nuwe/vreemde godsdienstige herlewingsbewegings nie (vgl. Ember & Ember 1996:497). Wat hier gebeur het, is 'n geval van die "oue" wat behoue gebly het. So gesien, verteenwoordig die oor-

lewing van die Islam in die Vrystaat 'n empiriese voorbeeld van die beginsel van kulturele konstantheid.

Wat betref die ordening, interpretering en aanbieding van die navorsingsresultate, is verwys na verskillende raamwerke in die Antropologie waaruit dit kon geskied. Met betrekking tot die onderhawige studie is van die standpunt uitgegaan dat beplande intervensies onbeplande uitkomste kan voortbring. Daar is aangetoon dat die voorgenoemde verklaringsbasis, soos aanvanklik geformuleer deur Foucault, relevante analises moontlik maak, en derhalwe bruikbaar is ten opsigte van kultuurstudies.

## BIBLIOGRAFIE

Agger B 1991. Critical theory, poststructuralism, postmodernism. Their sociological relevance. **Annual Review of Sociology** 17:105-31.

Arkin AJ 1981. **The contribution of the Indians to the South African economy 1860-1970.** Institute for social and economic research, Durban: University of Durban-Westville.

Badat JG 1985. **South African Indians and the right to freedom of movement.** M.A. dissertation. Durban: University of Durban-Westville.

Bates D & Rassam A 1983. **Peoples and cultures of the Middle East.** Englewoods Cliffs: Prentice-Hall.

Bhana S & Brain J 1990. **Setting down roots. Indian migrants in South Africa, 1860-1911.** Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Bhana S & Pachai B 1984. **A documentary history of Indian South Africans.** Cape Town: David Philip.

Bredenkamp PJJ 1971. **'n Sosiologiese studie van sekere aspekte van die Indiërbevolking in Suid-Afrika.** M.A.-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Calpin GH 1949. **Indians in South Africa.** Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.

Ember CR & Ember M 1996. **Anthropology.** Upper Saddle River: Prentice Hall.

Ferguson J 1990. **The anti-politics machine: "Development", depoliticization, and bureaucratic power in Lesotho**. New York: Cambridge University Press.

Haviland WA 2000. **Anthropology**. New York: Harcourt College Publishers.

Johnson RE 1973. **Indian and apartheid in South Africa. The failure of resistance**. Ph.D. dissertation. University of Massachusetts.

Keegan TJ 1986. **Rural transformations in industrializing South Africa**. Braamfontein: Ravan Press.

Kidwai MA 1979. **What is Islam?** Lucknow: The Lucknow Publishing House.

Leroke W 1996. Development as a postmodern condition. Towards postmodern development. In Coetzee JK and Graaf J (eds). **Reconstruction, development and people**. Johannesburg: Thomson Publishing.

Pienaar G 1980. Indiër- en kleurlingstemreg in Suid-Afrika. Geskiedenis en riglyne wat daaruit voortvloei. **Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede** 31(4):136-45.

SABRA, 1975. **Die Indiërbevolking van Suid-Afrika**. Pretoria: Sabra.

**Die Volksblad,** 18 Februarie 1971; 22 Junie 1976; 24 September 1976; 26 Augustus 1980; 3 Desember 1981; 26 April 1982; 16 Maart 1983; 7 April 1983; 29 Augustus 1984; 30 September 1984 en 20 September 1985.